



Kom ons bou!

Uitgawe# 1

Vraag

Hoe belangrik is jy vir God? Hoekom dink jy so?

OpeningsGebet

Liefdevolle God, dankie vir die geskenk en voorreg om vandag te saamkom. Dankie, vir ons kameraadskap. Ons bid dat u ons saamwees sal seën. Praat met ons. Leer ons. Vorm ons. Amen

Gesprekspunt#1

Lees: Genesis 6:9-7:24

Hoe dink jy het Noag gevoel?

Hoe sou jy gevoel het as jy in Noag se skoene (sandale) was?



Daar was so baie sonde in die wêreld in Noag se tyd, dat God besluit het om 'n vloed oor die aarde te stuur. God het vir Noag geroep en die opdrag gegee om 'n ark ('n groot boot) te bou om sy familie en die diere te red. God het vir Noag gekies oor sy gehoorsaamheid. Ons kan onself net indink wat die mense van Noag gedink toe hulle sien hy bou 'n ark in die middel van nêrens. Noag-hulle se lewens het afgehang van sy gehoorsaamheid aan God. VERBEEL JOU: God roep jou om die perfekte kerk van nuuts af te ontwerp en te bou. Jou kerk moet, ten minste, uit die volgende bestaan: gebou(e), Woordbedienaar(s), orkeste/begeleidingsgroepe/kore, verskillende bedieninge wat hanteer word deur vrywilligers en gemeentelede: Almal sê dat hulle graag God wil dien – vrywillig, verniet, sonder betaling!! Al wat God van jou vra, is dat: 1. Jy dit vir Hom sal doen, en 2. Dat jy ander mense sal vra om

Gesprekspunt#2

Vergelyk jouself met Noag: Wie het die makliker opdrag gekry, jy of Noag? Hoekom?

Beskryf die kerk: Julle groep moet hierdie kerk ontwerp. Hoe sal hierdie kerk lyk?

Gesprekspunt#3

LEES

1 KORINTIËRS 12-12-31

Wat tref jou in hierdie gedeelte?

Wat dink jy is hoofgedagte in hierdie gedeelte?

Hoe sal dit lyk as Christen-gelowiges hierdie beginsel en/of les in hulle lewens begin toepas?

Verduidelik wat sal verander as elke persoon, ewe skielik, besluit om God te ignoreer en nie meer vrywillig in jul kerk te werk nie?

Lees weer vers 27. Hoe is dit van toepassing op jou en julle groep?

Hoe kan julle groep hierdie week dit toepas?

Vra God van julle om ánders kerk te wees? Indien ja, hóé?

Die Bybel vertel dat JY die liggaam van Christus is – die Kerk. Jy is deel daarvan. Laat hierdie voorreg vir 'n oomblik insink en vasstrapplek in jou hart kry... Worstel eerlik met die vrae hieronder gedurende jou stilwordtyd saam met God hierdie week.

SLEUTELVERS

1 Korintiërs 12:27

27) Julle is almal saam die liggaam van Christus, en julle is ook elkeen 'n deel van hierdie liggaam.

Gebedsversoeke:

Uitsending

Skepper-God, U het ons met 'n doel op aarde geplaas. U het beplan dat ons sal deel wees van U kerk. Help ons om pro-aktief in U koninkryk werksaam te wees, sodat ons die doel kan bereik wat u vir ons in gedagte het. Amen

Enige vrae: chatter@coffeachatconnect.com

Wie gaan die volgende #CCC

Plek: _____
Datum & Tyd: _____

Kyk in die spieël

Voltooi dit by die huis

- Gehoorsaam ek God se boodskap en opdragte of ignoreer ek Hom?
- Vervul ek my rol in Sy liggaam, of nie?
- Wil jy hê dat God se kerk sal slaag of misluk?
- Wat dink jy wys God vir jou om te doen of te probeer?